wat's nuut?

Nuutjies in die kombuis en koswêreld

STERK GEURMIDDEL

Die Nando's Peri-Peri Seasoning Rub-reeks, geskep deur mense wat dol is oor smaak, bring die volle intensiteit en omvang van die betowerende African Bird's Eye-brandrissie na al jou gunsteling-resepte! Dit word verpak in 25g-sakkies – elke sakkie met genoeg geurmiddel vir 'n hele hoender. Dit is maklik om te gebruik en is uiters ekonomies, teen slegs R9,99 per sakkie. Kies tussen Hot Peri-Peri, Lemon & Herb, BBQ en Wild Herb & Garlic. Hierdie geurmiddels, soos alle Nando's peri-peri-souse, bevat geen kunsmatige kleur-, geur-, en preserveermiddels óf bygevoegde MNG

SOET EN DROOG

Die J.C. Le Roux-kelder het sy eerste effe-droë Méthod Cap Classique Rosé – La Vallée Rosé – bekendgestel. Die subtiele soetheid maak hierdie verruklike Cap Classique net so genotvol vir diegene wat van vonkelwyn met 'n droë of effens soet smaak hou. Dit kan saam met 'n groot verskeidenheid seekos- en pluimveegeregte geniet word. Die J.C. Le Roux La Vallée Rosé is beskikbaar teen ongeveer R60 by voorste drankwinkels.

Die J.C. Le Roux-kelder is tussen Mei en Oktober ses dae per week oop, en tussen November en April sewe dae per week. Seasons at J.C. Le Roux is oop van 09:30 tot 15:00 met onbyt wat tussen 09:30 en 11:30 bedien word en middagete van 12:00 tot 14:00. Om 'n tafel te bespreek of vir inligting oor keldertoere en proeë, skakel 021 865 8200 of besoek www.jcleroux.co.za.

EKLEKTIESE ERVARING

In Oktober 2009 het Succulent Café sy deure op 'n ander perseel oopgemaak en die reaksie was verstommend! Kleur en pret straal uit die eklektiese dekor en kos wat ten toon gestel word. Die eienaar, Anisa du Plessis sê: "Kleur, pret en kos was altyd prominent in my lewe en my flair vir die eklektiese word weerspieël in die dekor en die kos-tentoonstellings." Succulent Café lê klem daarop dat die lewe voluit geleef moet word. Skop jou skoene uit, sit agteroor en geniet die ondervinding. Die vriendelike span, verlengde ure en uitgebreide spyskaart sal jou keer op keer laat terugkeer.

Besoek Succulent Café by die L'Corro-winkelsentrum op die hoek van Bagley Terrace en Weltevredenstraat. Vir meer inligting, kontak Monique van Boom by 011 022 7245.

'N SLUKKIE SUSTERSKAP

Bag Ladies Tea is 'n spesialiteit-teemaatskappy wat susterskap onder vroue vier. Elke teesakkie is verpersoonlik met 'n humoristiese of rare aanhaling wat die perfekte oplossing bied terwyl jy deur die alledaagse dilemmas van die lewe worstel. Die teesakkies is beskikbaar in blikkies of pakkies met temas wat ideale geskenke is. Daar is 'n groot verskeidenheid temas, insluitende Get Well Sooner, Thank You, She's A Gardener, A Funny Valentine, O' Christmas Tea, Forget Him, Girlfriends, Happy Birthday en Oh Baby. Die blikkies bevat 25 teesakkies en kos tussen R90 en R120. Die pakkies bevat 5 teesakkies en kos tussen R25 en R35. Vir meer inligting, skakel 011 880 6202 of besoek www.bagladiestea.co.za.

SAAMGESTEL DEUR: Kristen Pitout FOTOGRAFIE: verskaf, Lizette Jonker